# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

**20c** Wednesday 21 March 1979 WINDHOEK Woensdag 21 Maart 1979 No. 3920

CONTENTS:

| | Page |
|---|---|
| **PROCLAMATION:** | |
| No. AG. 9 South West African Building Society Proclamation, 1979 | 1 |

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 15 March 1979)*

No. AG. 9 1979

PROVISION FOR CERTAIN EXEMPTIONS AND SUPPLEMENTARY POWERS IN RESPECT OF THE SOUTH WEST AFRICAN BUILDING SOCIETY

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 19 March 1979

SCHEDULE

*Definitions*

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

(i) "Corporation" means the National Building and Investment Corporation of South West Africa,

INHOUD:

| | Bladsy |
|---|---|
| **PROKLAMASIE:** | |
| No. AG. 9 Proklamasie op die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging, 1979 | 1 |

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 15 Maart 1979)*

No. AG. 9 1979

VOORSIENING VIR SEKERE VRYSTELLINGS EN AANVULLENDE BEVOEGDHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE SUIDWES-AFRIKAANSE BOUVERENIGING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 19 Maart 1979

BYLAE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "Die Wet" die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965); (iii)

Limited, established by section 2 of the National Building and Investment Corporation of South West Africa Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 60 of 1978); (ii)

(ii) "South West African Building Society" means the South West African Building Society registered in terms of the provisions of the Act on 21 November 1978; (iii)

(iii) "the Act" means the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965). (i)

(ii) "Korporasie" die Nasionale Bou- en Beleggingskorporasie van Suidwes-Afrika, Beperk, ingestel by artikel 2 van die Proklamasie op die Nasionale Bou- en Beleggingskorporasie van Suidwes-Afrika, 1978 (Proklamasie AG. 60 van 1978); (i)

(iii) "Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging" die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging geregistreer op 21 November 1978 ingevolge die bepalings van die Wet. (ii)

*Exemptions*

2. (1) The provisions of sections 28(10) and (12), 32 and 37(2) of the Act, shall, subject to the provisions of subsection (4) of this section, not apply in relation to the South West African Building Society.

(2) No tax or charge on income imposed by or under any law shall, subject to the provisions of subsection (4) of this section, be payable by the South West African Building Society.

(3) No transfer duty, stamp duty, office fee or other moneys shall, subject to the provisions of subsection (4) of this section, be payable in respect of the transfer of property to the South West African Building Society in terms of an agreement whereunder that part of the business of a permanent building society registered in terms of the Act, which is conducted in the territory of South West Africa, is transferred to the South West African Building Society in accordance with the provisions of section 55A of the Act.

(4) The preceding provisions of this section shall apply to the South West African Building Society only for so long as the Corporation is the holder of all the founder shares in the South West African Building Society and remains liable in terms of the rules of the South West African Building Society to contribute to the assets of that Building Society if it is wound up.

*Supplementary powers of the South West African Building Society*

3. In addition to the powers referred to in section 22 of the Act, the South West African Building Society shall have power —

(a) to guarantee debentures issued by the Corporation to any permanent building society registered in terms of the Act, in respect of the business transferred by such a building society to the South West African Building Society in accordance with the provisions of section 55A of the Act;

*Vrystellings*

2. (1) Die bepalings van artikels 28(10) en (12), 32 en 37(2) van die Wet is, behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel, nie met betrekking tot die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging van toepassing nie.

(2) Geen belasting of heffing op inkomste deur of kragtens 'n wet opgelê, is, behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel, deur die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging betaalbaar nie.

(3) Geen hereregte, seëlregte, kantoorgelde of ander gelde is, behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel, betaalbaar nie ten opsigte van die oordrag van goed aan die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging ingevolge 'n ooreenkoms waarkragtens die gedeelte van die besigheid van 'n permanente bouvereniging geregistreer ingevolge die Wet, wat in die gebied Suidwes-Afrika gedryf word, ooreenkomstig die bepalings van artikel 55A van die Wet aan die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging oorgedra word.

(4) Die voorafgaande bepalings van hierdie artikel is op die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging van toepassing slegs vir solank as wat die Korporasie die houer is van al die stigtersaandele in die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging en ingevolge die statute van die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging aanspreeklik bly om tot die bates van daardie Bouvereniging by te dra indien hy gelikwideer word.

*Aanvullende bevoegdhede van die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging*

3. Benewens die bevoegdhede bedoel in artikel 22 van die Wet is die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging bevoeg —

(a) om skuldbriewe uitgereik deur die Korporasie aan enige permanente bouvereniging geregistreer ingevolge die Wet, ten opsigte van die besigheid wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 55A van die Wet deur so 'n bouvereniging aan die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging oorgedra is, te waarborg;

(b) to renounce the benefits of excussion and division in relation to its liability under a guarantee given in terms of paragraph (a);

(c) to pledge its assets, including mortgage loans, as security for its liability under a guarantee given in terms of paragraph (a).

*Short title*

4. This Proclamation shall be called the South West African Building Society Proclamation, 1979.

(b) om van die voorregte van uitwinning en verdeling met betrekking tot sy aanspreeklikheid kragtens 'n waarborg gegee ingevolge paragraaf (a), afstand te doen;

(c) om sy bates, met inbegrip van verbandlenings, as sekuriteit vir sy aanspreeklikheid kragtens 'n waarborg gegee ingevolge paragraaf (a), te verpand.

*Kort titel*

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Suidwes-Afrikaanse Bouvereniging, 1979.